**Kyk, Ek gaan die Galdeërs laat optrek**

**Habakuk 1:1-17**

**14 Junie 2026**

1. Vantevore: Habakuk het die onreg in Juda voor die Here gebring. Sy vraag was waarom die Here hom die onreg laat ervaar. Ons ervaar soortgelyke onreg in die wêreld, ons land en selfs die kerk. Ons het daaroor besin dat die Here ons in sulke tye juis herinner aan die "doctrines of grace" / TULIP
2. Die antwoord wat die Here destyds vir Habakuk gegee het (Hab 1:5-11)
    a. Die Here antwoord Habakuk se gebed (v5):
        i. Habakuk moet let op die nasies – hy sal verstom en verslae wees
        ii. Die Here gaan iets laat gebeur
        iii. Dit gaan in Habakuk se leeftyd gebeur
        iv. Dit gaan ongelooflik wees
    b. Die Here gaan die Galdeërs laat optrek
        i. ‘n Verbitterde en voortvarende nasie (v6)
        ii. ‘n Sterk nasie wat woonplekke inneem (v6)
        iii. Skrikwekkend en vreesaanjaend (v7)
        iv. Hulle tree teen die reg op volgens hulle eie wil (v7)
        v. Hulle eie krag is hulle god (v11)
    c. Die Galdeërs gaan die volgende straf bring:
        i. Hulle gaan die beloofde land in besit neem (v6)
        ii. Hulle gaan die Jode in ballingskap wegvoer (v9)
        iii. Hulle gaan ‘n bespotting maak van die koning (v10)
    d. Dit was nie wat Habakuk verwag het nie, en is ook nie wat ons verwag nie
3. Habakuk se respons nadat hy die antwoord van die Here gehoor het (Hab 1:12-2:1)
    a. Dit lyk of die Here se beloofde optrede in konflik is met Sy karakter (v12-13)
        i. Here my God (dus die Verbondsgod) – maar dit lyk of die Here teruggaan op Sy verbondsbeloftes (Juda gaan die land verloor, gaan in ballingskap, die koning word bespotlik gemaak)
        ii. Here bestaan vir ewig / Rots – maar dit lyk of die Here nuwe koers inslaan
        iii. Heilige – maar dit lyk of die Here saamwerk met goddelose Galdeërs
    b. Habakuk rig vrae tot die Here:
        i. Verander U van koers? (v12)
        ii. Gaan U die volk laat sterf? (v12)
        iii. Gaan U werklik die goddelose Galdeërs gebruik? (v12, 13)
        iv. Gaan U die Galdeërs versterk in hulle afgodery? (v16)
4. Toepassings
    a. Die Here wil dat ons insae sal hê (al is dit gebrekkig) in wat Hy doen, en ook hoekom Hy dit doen
    b. Bedink die soewereiniteit van die Here: As die Here soewerein is, hoekom tree Hy op deur die Galdeërs te gebruik? Is daar nie ‘n beter plan nie?
    c. Selfs al is al ons leerstellings verantwoordelik gedefinieer, beteken dit nie ons kan alle detail verstaan nie
5. Afsluiting
    a. Habakuk sit angstig in sy wagpos en wag op die antwoord van die Here